

**Skriflesing:** Openbaring 21: 1 -27Teks: **Openbaring 21: 3b, 5b, 22**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 23:1,2****TYDENS EREDIENS- Ps. 95:1.2; Ps. 31:1, 15; Ps. 24:1.2; Sb. 18-7 (45): 1, 3, 8; Ps. 134:4****Openbaring 21: 1 -27**

**Rev 21:1** Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie.

**Rev 21:2** En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel uit sien afkom. Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

**Rev 21:3** Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God.

**Rev 21:4** Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan."

**Rev 21:5** Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek maak alles nuut." En daarna sê Hy: "Skrif hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar."

**Rev 21:6** Verder sê Hy vir my: "Dit het klaar gebeur. Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet.

**Rev 21:7** Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees.

**Rev 21:8** Maar dié wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs en afgodsdienaars en al die leuenaars, hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood."

**Rev 21:9** Toe het een van die sewe engele wat die sewe bakke het waarin die sewe laaste plaes was, gekom en met my gepraat. "Kom," het hy gesê, "ek sal jou die bruid wys, die vrou van die Lam."

**Rev 21:10** Ek is toe deur die Gees meegevoer en die engel het my na 'n groot hoë berg toe geneem en die heilige stad Jerusalem vir my gewys, wat van God af uit die hemel uit afkom.

**Rev 21:11** Die stad het die heerlikheid van God: sy glans is soos dié van die kosbaarste edelsteen, soos 'n kristalhelder opaal.

**Rev 21:12** Die stad het 'n groot hoë muur met twaalf poorte. By die poorte is daar twaalf engele, en op die poorte is daar name geskrywe, dié van die twaalf stamme van die volk Israel.

**Rev 21:13** Aan die oostekant is daar drie poorte, aan die noordekant drie, aan die suidekant drie en aan die westekant drie.

**Rev 21:14** Die stad se muur het twaalf fondamente, en daarop is daar ook twaalf name, dié van die twaalf apostels van die Lam.

**Rev 21:15** Die engel wat met my gepraat het, het 'n goue meetstok gehad om daarmee die stad self, sy poorte en sy muur te meet.

**Rev 21:16** Die stad is vierkantig, net so lank as wat hy breed is. Hy het die stad toe met die meetstok gemeet. Die lengte, die breedte en die hoogte daarvan is dieselfde, twaalf duisend kilometer.

**Rev 21:17** Hy het ook die muur om die stad gemeet. Dit is honderd vier en veertig meter hoog. Die engel het die mate van mense gebruik.

**Rev 21:18** Die muur is met opaal gebou en die stad self met suiwer goud wat soos 'n skoon spieël lyk.

**Rev 21:19** Die fondamente van die stadsmuur is met allerhande edelstene versier: die eerste fondament met opaal, die tweede met saffier, die derde met agaats, die vierde met smarag,

**Rev 21:20** die vyfde met sardoniks, die sesde met karneool, die sewende met chrisoliet, die agste met beril, die negende met topaas, die tiende met chrisopraas, die elfde met hiasint en die twaalfde met ametis.

**Rev 21:21** Die twaalf poorte is twaalf pêrels. Elkeen van die poorte is uit een pêrel gemaak. Die strate van die stad is van suiwer goud, blink soos 'n spieël.

**Rev 21:22** 'n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam.

**Rev 21:23** Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.

**Rev 21:24** Die nasies sal in die stad se lig lewe, en die konings van die aarde verleen luister daaraan.

**Rev 21:25** Die poorte daarvan word gedurende die hele dag nooit toegesluit nie: daar sal nie meer nag wees nie.

**Rev 21:26** Die mense sal die luister en die rykdom van die nasies daarheen bring.

**Rev 21:27** Niks onreins en niemand wat iets losbandigs en vals doen, sal ooit daarin kom nie, maar net dié wie se name in die boek van die lewe, die boek van die Lam geskrywe staan.

**Skriflesing:** Openbaring 21: 1 -27

**Teks:** Openbaring 21: 3b, 5b, 22

**Sing:** VOORAF SANG- Ps. 23:1,2

**TYDENS EREDIENS-** Ps. 95:1.2; Ps. 31:1, 15; Ps. 24:1.2; Sb. 18-7 (45): 1, 3, 8; Ps. 134:4

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, kan ons ooit genoeg daaraan dink, kan ons ooit genoeg daaraan herinner word dat Eksodus is nie maar net 'n boek in die Ou Testament nie. Ja, dit is 'n baie belangrike boek in God se Woord, want 'n groot deel van Eksodus en selfs ook nog van die ander boeke vroeg in die Ou Testament is met die uittog en die intog van God se kinders besig. Die uittog uit Egipte toe Israel 'n slawevolk geword het. God het hulle uit daardie land en uit hulle slawerny verlos. Waar God die uittog gee, gee dieselfde God ook die geleentheid tot 'n intog. Die intog is 'n ingaan in 'n land wat Israel hulleself dit moeilik kon voorstel. 'n Land wat oorloop van melk en heuning, ja die spioene wat 'n keer in die geheim die beloofde land moes gaan verken was oorstelp. Druiwetrosse wat een mens nie kon dra nie, werklik wie kan jou dit voorstel?!

\*\*\*

Ons sal 'n baie groot fout in ons lewe maak as ons dink Eksodus is net 'n boek in die Ou Testament. Ons kom by die punt wat ons besef my en jou Eksodus is iets waarvan niemand kan wegvlug nie. Verlede Sondag in Openbaring 20 was ons Eksodus reeds ter sprake. Die eerste opstanding en die tweede opstanding is met ander woorde 'n eerste eksodus en 'n tweede eksodus. As die gelowige vandag sterwe dan is sy/haar eerste eksodus reeds 'n wonderlike troos. My siel wat dadelik sal uitgaan na Christus (Sondag 22 Kategismus), maar daar gaan ook nog 'n tweede eksodus wees. 'n Tweede opstanding wanneer ook ons liggame wat gesterf het weer met ons siele herenig gaan word en daar 'n heerlikheid gaan aanbreek wat Openbaring 21 vandag die gordyne net nog weer bietjie groter ooptrek. Die gordyne gaan so bietjie vir bietjie oop, tot by hierdie voorlaaste hoofstuk in Openbaring waar jou en my Eksodus ons intog kan word in 'n nuwe stad, 'n nuwe lewe, 'n nuwe plek, tot by die God wat sê - *Kyk, Ek maak alles nuut ...*

Die dinge waarby ons mag intrek, die intog wat gaan plaasvind gebruik Openbaring die pragtigste beelde, getalle, metafore, simboliek, u kan maar nog dinge benoem wat ons intog gaan meebring. 'n Stad en 'n saamwees wat nog geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van nog geen mens opgekom het nie. Die Kategismus vra mos die vraag in V/A 58: **Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?** Ons antwoord - **Dat, aangesien ek nou alreeds die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar, ek na hierdie lewe volkome saligheid sal besit - 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie - om God daarin ewig te prys.** Hoe mooi stel ons

belydenis dit - maar dit is presies wat Paulus ook vir die Korintiërs kon weergee 1 Kor. 2:9- 9 *Maar soos daar geskrywe staan: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie," en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet.*

\*\*\*

Geliefdes, as ons vandag lees wat in Openbaring 21 staan, dit wat Paulus in 1 Korintiërs skrywe, dit wat ons belydenis in Sondag 22 stel, dan voer dit ons vorentoe, ons word meegevoer hoe mooi is die ewige heerlijkheid wat God besig is om vir sy kinders voor te berei. 'n Bruid, 'n stad, 'n plek waar die rowwe see nie meer sal wees nie, daar sal geen tranes meer wees nie, geen siekte nie, geen pyn, geen leed, geen lewensdrama meer nie. Vroeg reeds besef ons iets van 'n ironie, daar sal ook geen kerk, geen tempel in die stad meer wees nie.

Broeder en suster as ek hierdie dinge so opnoem en dit mag klink dat ons droom maar net, dan wil die Here dit baie meer as net 'n droom maak. Dit is nie maar 'n droom waarby ons vandag 'n broeder as 'n diaken gaan bevestig en waarby 'n kindjie DV volgende Sondag by gedoop gaan word nie. Dit is nie net 'n droom, iets wat nooit werklik kan bestaan nie.

Dit sal die ongelowige, die ateïs, die moderniste van lankal reeds ons wil wysmaak, hulle wat ons verlede Sondag al gehoor het oor hulle sal kom die eerste dood en die tweede dood. Ons kan ons nie wil laat leer deur mense wat die dood eintlik hulle lewens beheers nie. Mense wat dood is in hulle geloof, dood in hulle hoop, dood in hulle uitkyk op wat die lewe werklik is, mense wat dood is in hulle kerk-wees, dood in hulle kerkgang, dis die mense wat Openbaring 21 en Openbaring 22 nie mee praat nie. Die tweede dood het oor hulle klaar gepraat. Ons het oor hierdie tweede dood het ons vandag weer in vers 18 gelees. Ons as gelowiges word na die einde gebring met die God wat sê- *Kyk, Ek maak alles nuut...*

\*\*\*

As ons Openbaring 21 lees, dan lees ons dit met die geloofsoog van baie jare terug wat ons ver vorentoe ook neem. Die oog wat jou en my doop ons laat sien, verby die swaar van wat hierdie aarde 'n jammerdal maak (Sondag 9 V/A 26 HK). Ons lees dit met oog van Abraham wat die Hebreër skrywer dit ophelder dat *Abraham het die stad verag wat fundamente het, waarvan God die boumeester en die oprigter is* (Heb. 11:10). Die 2020 - Vertaling noem God die argitek en boumeester.

Ons lees Openbaring 21 ook terug na Jeremia 3 waar die Here sê julle hoop sal nie meer vasgeslaan word in die ark van die Here se verbond nie (v.16). Trouens aan die ark sal hulle nie eers meer dink nie, dit sal nie meer in hulle gedagtes kom nie, die ark sal ook nie weer gemaak word nie. Hoekom nie?! Christus is tog baie meer as net die ark! Wonderlik die tabernakel met die ark daarin, het 'n tempel geword, die

tempel het die kerk daargestel, waar mense, God se kinders, nou God se tempel, God se kerk is. God woon in ons, Hy het by ons kom tabernakel het ons vandag weer gelees. Vers 3 in die ouer Vertaling-*Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon ...* In Jeremia 3 vers 17 word ons gewaarsku teen verstoktheid (2020-Vertl)- *17 In daardie tyd sal hulle Jerusalem "die troon van die Here" noem. By haar sal al die nasies byeenkom ter wille van die Naam van die Here, ter wille van Jerusalem. Hulle sal nie langer die verstoktheid van hulle bouse harte volg nie.* Hoe verstok kan 'n bouse hart net nie word nie? Geeneen van ons is daarvan gevrywaar nie!

Daarom is die ark nie meer ter sprake nie, ons moet nie eers meer daaraan dink nie, soos Jeremia geprofeteer het. God se nuwe stad bevat baie meer as net 'n ark of 'n tempel. Johannes het dit vandag in vers 22 dit duidelik gemaak - *22 En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam.* Dit is die nuwe werklikheid, die volle werklikheid waarby ons hier aan die einde van Openbaring maar ook aan die einde van God se Woord by uitgebring word. As ons lees God maak alles nuut, dan gebruik die Grieks twee woorde waarmee ons "nuut" vertaal.

Die woord "*neos*" of die woord "*kainos*". *Neos* beteken jonkheid, daar lê die nuutheid in die jonkheid, maar Openbaring gebruik hier die ander woord as dit gaan om nuutheid. Die woord "*kainos*" lê die nuutheid in die kwaliteit van dit wat daargestel word. Dit wat God nuut maak is dit wat nie kan vergaan nie. Dit is 'n tipe kwaliteit wat ewig is, wat nooit sal verbygaan nie. Dink aan God se Woord, die Bybel dit is ons maatstaf van die lewe, ons noem dit dan ook die *kanon*, dit wat 'n maatstaf is, maar die Woord is ook *kainos*- dis altyd nuut. Die kwaliteit van God se woord kan nie verouder nie. God se maat en God se waarde lê Hy nou reeds vir ons in sy Woord vas.

Dieselfde Woord wat vandag ons gedagtes rondom die nuwe Jerusalem ook wil vaslê. Aangrypend die eintlike lang beskrywing wat ons in die nuwe Jerusalem gegee word. Vanaf vv 9 tot 27 handel oor hierdie nuwe stad. Die grootste deel van die hoofstuk. Ons sien dit is 'n stad wat uit die hemel gaan kom, as't ware oor ons neerdaal. Dit dra 'n glans van alle kante uitgebeeld in die kosbaarste van edelstene. Die strate is van suiwer goud, blink soos 'n spieël. Die stad is groot en het 'n hoë muur. 144m hoog, weereens 'n herinnering aan dat die simboliese 144 ryk betekenis dra. Hierdie is ook nog weer simboliek. Die hoë muur het 12 poorte en daar is ook 12 engele. Op die poorte is die name van die 12 stamme van Israel geskrywe. Hier kom die ware Israel, die Israel wat God syne maak, wat om baie meer gaan as die etniese of volkekundige Israel. Hierdie Israel is die Israel wat Paulus ook beskryf as die Kerk van alle eeue. Die ware verlore Kerk. Die poorte wys in rigtings, noord, suid, oos, wes. Dir bevestig hoe God sy ware Israel versamel uit al die windrigtings, uit alle volke tale en nasies. Die poorte word nooit gesluit

nie. Daar is geen oorlog of enige veiligheidsrisiko meer nie. Tog sal hulle wat ons verlede Sondag gehoor het, as hulle name nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, dan sal hulle nie hier kan ingaan nie.

Die poorte dra die stamme van Israel se name. Tog staan die stadsmuur ook op 12 fondamente en daarop is weer geskrywe die apostels se name. Dit is alleen op die getuienisse van die apostels waarop daar gebou kan word. Die apostel-amp was so uniek. As iemand vandag in die amp bevestig word, soos ons netnou 'n diaken gaan bevestig, dan is dit ook 'n unieke amp. Maar hulle wat apostels was, daardie amp was eenmalig en kon nie weer herhaal word of niemand uit die volgende geslagte kon weer 'n apostel wees nie. Selfs in hulle geslag kon ná die 12 niemand weer apostel geword het nie. God het die getal volgemaak en klaargemaak met die apostel-amp. Tog mag ons nie ophou om vir God profete, priesters en konings te wees nie, die amp van die gelowige is inderdaad ook 'n unieke amp, 'n drieërlei amp.

Op die einde is die stad nie vol wolkekrabbers soos Dubai of van vandag se unieke stede nie, maar die hele stad vertoon soos 'n volmaakte kubus. Hierin is ook weer sulke ryke simboliek. 12 000 km die lengte, die hoogte, die breedte. Ons kan ons dit eintlik nie voorstel nie. Alles werk met die simboliese getalle van 12 wat gemaal moet word met die 10 wat tot die mag 3 moet staan as God die Bouer is, die volmaakte Argitek, die stad wat Abraham al verwag het. Wonderlik! Hy het alles verwag wat Openbaring 21 ook verwag, al was hulle lewens duisende jare uitmekaar. Hy het ook verwag die stad wat fondamente het waarvan God die boumeester en oprigter is.

\*\*\*

Ná alles wat hier is, lees ons wat nie in die stad is nie. Hier is nie 'n tempel nie. Wonderlik daar is nie sprake van klomp kerke en verdeeldheid en tweespalt en kerklike verskeurdheid en verskille wat ons ou sondige bestaan al so dikwels skeuring veroorsaak het. God Self woon dan by sy volk, Hy het by sy kinders kom tabernakel het ons gelees ... God Self gee gestalte aan ware kerk-wees, daarom is geen bymekaarkom meer nodig nie. In alles word eintlik ware kerk-wees beleef en nie dit wat vandag so dikwels sondige kerk-wees kenmerk nie. As ons mooi hieroor begin nadink dan gaan dit in die ewige kerk steeds om God se verbond met sy kinders. In die stad kry ons so 'n pragtige uitsig op hoe die nuwe verhouding tussen God en sy kinders gaan wees. As God sê, *Kyk, Ek maak alles nuut ...* dan is deel van hierdie ALLES die besondere verhouding wat daar dan tussen God en ons sal wees. Dit sal ook nuut wees! Selfs die heelal sal nuut wees. Die huidige heelal, die sterrestelsels, die planeete. Mense spekuleer nog oor hoe groot die heelal werklik is, maar dit sal alles tot niet gaan. In alles se plek gaan 'n nuwe heelal kom, waarlik nie net 'n nuwe aarde, 'n nuwe hemel nie, maar 'n totaal nuwe heelal want God het

gesê, *Kyk, Ek maak alles nuut*. Dit is asof die skepping van vooraf gaan begin as ons dit in ons gebroke taal moet probeer verwoord.

\*\*\*

Geliefdes, maar wat vir ons baie belangrik moet wees, is dat al hierdie dinge nie net vir ons toekoms musiek, iets vir die toekoms, maar nou gaan ek maar aan met hierdie aarde en hierdie lewe van nou. As ons dit so probeer voorstel maak ons 'n groot fout. As God sê – *Kyk, Ek maak alles nuut ...* dan staan dit in die teenswoordige tyd.

Iets hiervan het Paulus ook begryp toe hy in 2 Kor. 5 vv. 17 en 18 vir ons sê: *17 Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. 18 Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou.*

Die nuutheid van die toekomsstad moet nou al iets van 'n nuutheid in jou lewe bring. As dit nie gebeur nie, dan is ek nog los van Christus. Inderdaad iemand wat aan Christus behoort is 'n nuwe mens. So moet dit wees. Ons lewens, al is daar nog soveel tekortkominge moet al iets weerspieël van hierdie stad is in my. Die stad van Openbaring 21 moet nou reeds in my wees voordat ek eendag in hierdie stad kan wees. Waar God sê Hy in die stad gaan bly, in die stad gaan tabernakel, daar wil God reeds deur sy Heilige Gees in jou bly, God wil reeds in jou tabernakel. Dit het Jesus ons belowe. Hy sal vir die Vader vra om vir ons 'n ander Voorspraak te stuur om vir ewig by julle te wees nl. die Gees van die waarheid.

So is daar ook 'n opbou in die troos wat God sy kinders belowe maar ook nou reeds skenk. In die nuwe Jerusalem gaan God al die tranes afdroog, daar gaan Hy die volmaakte troos gee. Tog al is dit net ten dele, maar die Trooster is reeds by ons. Die Heilige Gees wil ons nou reeds troos. Ons mag dalk vandag wonder maar hoekom loop Openbaring dan dinge ook so vooruit. Ons kan aanvaar dat die Here wil stadig maar seker ons voorberei dat ons gereed moet wees om van hierdie ou sondige wêreld afskeid te neem. Ons bande word los vir hoër diens verkore sing ons in een van die Psalms. Dis dinge wat alles nou reeds moet gebeur. Ons moet loskom van ons verstoktheid as ons weer die profesie in die Ou Testament mag aanhaal.

Alleen hoe dit kan gebeur is as ek bereid is om met heel my lewe onder die heerskappy van Koning Jesus te lewe. Onder sy heerskappy gebeur daar mooi dinge, baie dinge selfs so verrassend. Ons het so baie om voor te lewe, so baie om na uit te sien. Vir die wat nie aan God behoort nie, Openbaring voorsien vir hulle dit wat my laat sidderbeef. In die stad mag net inkom dié wie se name in die boek van die lewe geskryf staan. By daardie boek waar ons verlede Sondag was, by daardie boek eindig ons vandag ook

weer. Trouens deur die hele Openbaring is hierdie al die sesde keer wat dit duidelik gemaak word. Diegene wat hulle nie aan God onderwerp nie, wat in werklikheid teen Hom in opstand is, het geen plek in die teenwoordigheid van die Here nie. Ons het dit duidelik gehoor- in die stad- *daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie*. Openbaring 21 vers 8 het hierdie groep alreeds duidelik uitgespel. Daar is nie plek vir onbekeerdes nie, geen plek vir ongelowiges nie, geen plek vir gruwelike mense nie. 'n Gruwelike mens is 'n aaklige mens wat vir niks stuit nie. So een is onbetroubaar en duld niemand wat in sy/haar pad staan nie. Dis die mens wat altyd die eie-ek dien. Hoe baie van myself sit dalk vandag in hierdie gruwelike mens. Mag die Here my daarvan bekeer. Mag dit ons elkeen se gebed wees. Ons kan die lys lank maak soos Openbaring dit van baie kante haal, ook die losbandiges, die onsedelikes, die bedrieërs, die leuenaars, wie uit hierdie mense is, sal nie die stad ingaan nie, maar sal die tweede dood ingaan.

Dis die mense wat nooit enige berou toon nie, die minste om hulle sondes te erken en daarvan weg te draai. Ons aanvaar die boodskap is duidelik. As hierdie eerste dood vir jou al meer lyk dit gaan ook eendag my tweede dood wees, dan moet ek daadwerklik my lewe verander. Ek moet nuut word, ja die lewe van daaglikse bekering is daardie stukkie van nuutheid wat my hoe langer hoe meer oorrompel. Mag die dors na hierdie nuwe lewe my so laat dors na Wie God is, dat ek vandag nie anders kan as om die Here dit vir jou en my te hoor sê- *Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet*. Watter troos ook nou vir hom wat as diaken bevestig gaan word. Volgende Sondag sal DV by die lewende water 'n kindjie gedoop word.

AMEN